

Nico van  
Gijsen



## Raad met jou rande

**S**oos ver wag het ek heelwat navrae van lesers gehad ná laas week se rubriek, "Pasop as jy beleggings in 'n trust doen". Maar ek wil vandag een uitsonder, want ek glo baie mense kan met 'n soortgelyke situasie sit.

Die leser (86) laat weet dat sy vrou aan demensie ly en dat hy in sy testament vir haar versorging voorsiening gemaak het met 'n bemaking aan 'n testamentêre trust. Na aanleiding van my rubriek verlede week, vra hy, sal dit dan nie beter wees om liever die geld vir haar na te laat in 'n lewende annuïteit nie?

Kortliks, nee, maar kom ons begin by die begin.

### Trusts is nie altyd 'n slegte idee

Verlede week het ek hier gewaarsku teen die gebruik van trusts om jou beleggings in te hou. Hoofsaaklik omdat trustbates nie jou bates is nie, maar aan die trusteees in hul hoedanigheid as trusteees behoort. Kortom, jy kan nie maak wat jy wil met jou geld nie, dit verg 'n trusteeesbesluit, wat onafhanklik moet wees.

En ek het gewaarsku teen gewaande belastingvoordele wat so knaend gesmous word deur diegene wat 'n trust aan jou probeer afsmeer. Gaan lees maar weer, ek gaan nie alles hier herhaal nie.

Betekén dit dat 'n trust nie 'n goeie plan is om vir 'n vrou met demensie te sorg ná jou dood nie? Of, in soortgelyke trant, wat van 'n minderjarige kind?

Ek het onder meer verlede week hier gesê 'n trust is 'n instrument wat met vrug gebruik kan word in finansiële beplanning. Hierdie is juis so 'n geval.

### Inter vivos-trust

Ons kyk na twee tipes trusts, 'n inter vivos-trust ('n trust wat in lewe geskep word) en 'n spesiale trust (in lewe of ná dood).

Jy kan bates aan 'n bestaande inter vivos-trust bemaak, byvoorbeeld jou tipiese familietrust. Die trustbegunstigdes kan



# Demensie: Sorg só met spesiale trust

Word belas asof dit 'n natuurlike persoon is

enigeen wees, dit hoef nie jou vrou (of man) te wees nie. Dit is onder meer 'n goeie manier om erfbates uit die boedels van erfgename te hou. Hulle kan dan die voordeel van die bate geniet; sonder dat dit deel van hul boedel vorm.

Bemaak jy bates aan 'n trust tot die uitsluitlike voordeel van 'n gade wat jou oorleef, is die bemaking vrygestel van boedelbelasting in jou boedel. So 'n trust en die bemaking kan ook gebruik word vir die versorging van 'n langsliewende gade met byvoorbeeld demensie, soos wat die leser vra.

Maar dit is nie 'n voorwaarde nie. Die bemaking kan wees aan 'n gesonde gade ook en die waarde van die belegging is eweneens aftrekbaar in jou boedel vir boedelbelasting.

### Spesiale trust

Wat my bring by die spesiale trust. Sy

naam is 'n bietjie misleidend; daar is niks spesiaals aan nie, maar hy kry spesiale behandeling as dit by belasting kom.

Daar is twee tipes spesiale trusts. Die eerste is vir die versorging van iemand met 'n ongeskiktheid, soos gedefinieer in art. 6 van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962). 'n Trust vir die versorging van iemand met demensie, soos in die leser se geval, sal dus kwalifiseer. Ons noem hom maar die "ongeskiktheid-spesiale trust".

Die tweede tipe spesiale trust is die o.18-trust. Dit word gewoonlik op die been gebring by wyse van 'n testamentêre bemaking vir, soos die naam aandui, iemand onder 18 jaar oud. 'n Kind, dus. Ons los die een eers daar.

Die ongeskiktheid-spesiale trust word belas of die trust 'n natuurlike persoon is. Dis waar sy "spesiaal" lê.

Die belastingkoers is dieselfde as vir

my en jou in ons persoonlike hoedanigheid.

En die trust kwalifiseer ook vir die kapitaalwinstvrystelling van R40 000 per jaar, sowel as die 40%-ingeslote koers van kapitaalwinst (teenoor 80% in die geval van 'n gewone trust).

Die ongeskiktheid-spesiale trust kwalifiseer ook vir die primêre-woning-vrystelling (tans R2 miljoen) vir kapitaalwinstbelasting.

Die o.18-trust kwalifiseer net vir die 40%-insluitingskoers, nie vir die vrystellings nie.

### Lewende annuïteit

En die lewende annuïteit waaroor die leser vra?

Jy kan nie 'n lewende annuïteit koop met diskresionêre geld nie. Met ander woorde, dit moet geld wees wat spruit uit jou bydraes tot 'n aftreefonds, ingesluit 'n uittree-annuïteitsfonds.

Jy sal dus, as dit die pad is wat jy wil loop en die geld kom nie uit 'n aftreefondsprodukt nie, eers 'n uittree-annuïteit moet aankoop en dan uittree uit die fonds om 'n lewende annuïteit te kan koop.

Dis 'n onnodige beslommernis, meen ek. En dalk geldmors ook.

Boonop, met 'n lewende annuïteit, dis maar net 'n pensioen wat jy koop; jy is die eienaar daarvan. Dit is jou pensioen.

By dood kan jy dit bemaak aan 'n naasbestaande, wat dan eienaarskap daarvan oorneem en óf al die kontant kan neem (nie so belastingvriendelik dat ek dit sal aanbeveel nie) óf 'n pensioen daaruit kan neem.

Die probleem is dat iemand met demensie nie regsbevoeg is nie. Om dus 'n lewende annuïteit aan haar na te laat gaan nie sin maak nie. Daar gaan 'n kurator aangestel moet word om na haar belang om te sien.

Sou jy reeds 'n lewende annuïteit besit en jou in soortgelyke skoen as die leser bevind, kan jy die trust as 'n begunstigde van die lewende annuïteit aanwys. Trusts kan deesdae lewende annuïteite ontvang.

Die spesiale trust is myns insiens die pad om te loop.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen